

# BULLETIN

19 Junie 2022

Tel no: 021 919 9253

E-pos: [info@larochelle.org.za](mailto:info@larochelle.org.za)

Web: [www.nglarochelle.co.za](http://www.nglarochelle.co.za)

NG Kerk La Rochelle,  
ABSA Bellville,  
Rek no: 1450580003,  
Tak: 632005



## Baie welkom by ons erediens!

### Fokus vir Junie: Erediensbediening

Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in  
Christus Jesus was....  
(Fil 2:5)

#### Preekprogram:

#### Sondag 19 Junie

09:00 Ds Willem Venter

17:30 Welverdiend: Dr Annemarie de Kock-Malan

Geen Aanddiens

#### Sondag 26 Junie

09:00 Dr Danie Malan (Doop)

Geen Aanddiens



### Koffie en kuier

*U is welkom om selfhelp koffie of tee  
voor of na die diens te geniet.  
Kom kuier gerus saam!*

### Kategeseontmoetings begin weer op 24 Julie

#### *Senior Bybelstudie:*

*Dinsdae om 10:00 in die kerkgebou*

*Onderwerp: Openbaring 8*

### Baie geluk aan al ons gemeentelede 80 jaar en ouer wat in Junie verjaar

Jan Jacobs – 22 Junie

Gerda van Rhyne – 28 Junie

Babs Schrader – 29 Junie

*Calitzdorp uitreik - Hoe kan jy help?*

*Indien jy enige ou klere het wat jy vir  
Calitzdorp wil skenk sal ons dit baie  
waardeer. Enige skenkings kan voor 20  
Junie na die kerk gebring word. Daar is  
ook nog 'n paar kinders wat borge benodig.*

*Indien jy iemand wil borg, kan jy 'n  
inbetaling in die kerk se rekening maak  
met die verwysing: Calitzborg*

## Program vir die week:

Dinsdag	10:00	Senior Bybelstudie
Woensdag	08:30	Predikantevergadering
	11:00	Personeelvergadering
	18:00	Zoom-Gebed
	18:00	Finansies

## **Gebedsprogram 19 Junie 2022**

Vandag is Vadersdag asook die Nasionale Biddag vir Blindes.

### **Ons dank en loof die Here...**

- Vir ons vaders wat hulle rol as pa met erns en verantwoordelikheid vervul. Vir diegene wat ook as pa-figure vir ander kinders en mense optree.
- Vir mense wat siggestremd is en die unieke gawes en talente wat hulle na die Koninkryk van God bring.

### **Ons doen voorbidding vir...**

- Soveel kinders in ons land wat sonder 'n pa grootword.
- Vir gesinne waar daar geweld deur pa's teenoor hulle vroue en kinders gepleeg word.
- Vir pa's wat hulle rol en verantwoordelikheid versaak.
- Dat ons pa's en oupa's sal vasstaan in die geloof om hulle gesinne lief te hê en te dien met Jesus se liefde.
- Vir die kerk om pa's by te staan sodat hulle in verhouding met Jesus pa kan wees en hulle gesin kan versorg.
- Mense wat vir jare lank al nie hulle sig het nie en vir diegene wat dit onlangs verloor het.
- Geduld met hulleself en ook vasberadenheid om hulle lewens ten volle te kan leef.
- Alle mense wat kan sien om siggestremdes met deernis te behandel, nie om hulle aan jammerte en ongemak te onderwerp nie, maar sodat daar menswaardig teenoor hulle opgetree sal word.

### **Atlete vir Christus Uitreik - 24 Junie-13 Julie**

Die uitreik is om die draai en daar is huidiglik nog sekere behoeftes. Dit sal baie waardeer word indien jy oortuig voel om van die volgende items vir die uitreik te skenk: Ontbytpap, beskuit en koekies, energie drankie konsentraat, energie stafies en "snacks", shampoo, noodhulptasie met basiese mediese benodighede. Alle items kan voor **23 Junie** by die kerkkantoor afgegee word. Baie dankie vir jou oorweging om die uitreik te ondersteun.



Offergawes en dankoffers kan via EFT of Snapscan inbetaal of in 'n koevert in die posbus by die ingange van die kerkgebou geplaas word.

Absa, NG Gemeente La Rochelle,

Rek no:145 058 0003,

Tak: 632005, of

Via Snapscan. SNAPSCAN

KODE:PMXP94484

Deuroffer: **MES Grow**



*Die predikante is beskikbaar vir pastorale sorg aan persone wat dit nodig het.*

*Daar is egter ook mense wat siek is of ander vorme van hulp benodig, waarvan ons nie weet nie. Daarom vra ons u om asseblief die predikante of die kerkkantoor te kontak indien u bewus is van iemand wat ondersteuning nodig het.*

21 Junie tot 2 Julie

Bellville-Vallei gemeente Wintermark

Indien jy jou weg kan oopsien sal hulp op die volgende maniere baie waardeer word tov die wintermark:

- Diensbeurte in die saal, om die kasregister te werk en te help inpak
- Om plakkate op te sit
- Plaas jou naam op die lysie voorsien in die voorportaal by die kantoor indien jy kan help.